# EEN VIR ALMAL

## Deel 1 – Saam Geroep

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe ervaar jy meer liefde van mense – deur woorde of dade? Watter manier is makliker vir jou om liefde aan ander te wys – woorde of dade? Verduidelik.**

**Dink jy diensbaarheid maak die hart van mense oop vir die goeie nuus van Jesus? Verduidelik.**

**In watter areas van die samelewing beleef jy dat mense baie geregtig voel oor wie hulle is of wat hulle besit? Watter effek het dit op mense rondom hulle?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Filippense 2:3-8. Wat dink jy beteken vers 5 binne die konteks van hierdie hele gedeelte? Wat beteken dit as ons nie gehoorsaam is aan vers 5 nie?**

**Lukas 10:30-37. Wie is die mense in jou lewe vir wie jy 'n naaste kan wees? Hoe kan jy 'n naaste vir hulle wees?**

**Handelinge 2:42-47. Wat is die potensiaal indien die kerk hierdie beginsels dag tot dag uitleef?**

**Matteus 25:31-46. Hoekom dink jy is hierdie dinge belangrik vir Jesus? In watter area van jou lewe word jy gekonfronteer met die minste en geringstes van ons samelewing? Wat is gewoonlik jou eerste reaksie teenoor hulle?**

**Johannes 13:17. Hoekom sukkel ons so baie met die "doen" gedeelte?**

**Op watter manier kan julle groep iemand of 'n organisasie in julle wêreld bystaan of dien? Waar sien julle 'n behoefte in julle wêreld? Hoe kan julle iets daaraan doen in die Naam van Jesus?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**